

# Suid-Afrikaanse Komponiste

I—*Petrus Johannes  
Lemmer*

deur

**FANIE KOEKEMOER**



P. J. Lemmer.

**P**ETRUS JOHANNES LEMMER, A.R.A.M., L.R.A.M., U.T.L.M., een van ons bekendste Suid-Afrikaanse komponiste, is gebore op 3 Mei 1896 te Hartebeestfontein, distrik Klerksdorp, Transvaal. Sy vader, Richard Hermanus Lemmer, was 'n vooraanstaande boer en het reeds vroeg die besondere talent in sy seun bespeur en waardeur.

Op tienjarige leeftyd het klein Petrus onder leiding van sy suster Sannie (tans mev. A. C. Schulenburg van Ventersdorp) sy musiekstudie begin; en daar sy suster op hierdie tydstip orreliste was van die dorpie Hartebeestfontein, het hy die geleentheid gehad om onder-ig in orrelmusiek te ontvang. Hy moes egter ook iets van sy kant doen en het dus tydens kerkdienste die blaasbalk getrap. Toe hy slegs veertien jaar oud was, is hy aangestel as orrelis op Hartebeestfontein. Hy het die kerkkoor op uiters bekwame wyse gelei en ook 'n seunskoor wat hy terselfdertyd in die lewe geroep het.

Hy besluit toe om ook 'n blaasorkes te stig, maar die nodige middele het ontbreek. Uiteindelik is honderd pond by wyse van 'n kollekte ingesamel en kon die nodige instrumente aangekoop word. Klein Petrus het as dirigent opgetree, en hy het die bekwaamheid besit om die nodige onderrig aan elke lid van die blaasorkes te gee. Intussen het hy sy orreloefeninge voortgesit, en dikwels moes die kombuis- of wasmeid die blaasbalk vir hom gaan trap. Sy moeder het by dergelike geleenthede self na die kerk gegaan om toe te sien dat die oefeninge behoorlik gedoen word.

Baie dikwels het die Koraalboek op 'n Sondagmôre na die kerkdiens op die sypaadjie gelê onderwyl klein Petrus besig was om saam met sy maats albasters te speel. Dan was dit sy moeder se stem wat 'n einde aan die speletjie moes maak: „Petrus, dit is Sondag — jy kom nou net uit die kerk!”

Vier jaar lank het hy sy musiekstudie aan 'n klooster op Klerksdorp voorgesit. Hierheen moes hy elke Saterdagmôre per fiets of te perd ry — 'n afstand van ses-entertig myl — en ten spyte van wind, reën en haal het hy nooit een dag sy les gemis nie. Onderwyl hy op 'n dag in die klooster besig was met sy musiekles, vra hy ewe onskuldig vir sy musikonderwyseres: „Hoe lank moet ek nog studeer voordat ek 'n musiek-eksaminator kan wees?” Die antwoord was 'n klap op sy hand en die woorde: „Moenie onsin praat nie, gaan aan met jou werk!” 'n Aantal jare daarna vind ons hierdie selfde boerseun as een van ons eerste musiek-eksaminatore. Hy is deur die Universiteit van Suid-

Afrika aangestel en beklee hierdie amp nou al die afgelope tien jaar.

Twee jaar lank het hy aan die Normaalkollege in Bloemfontein gestudeer onder leiding van prof. P. K. de Villiers, en kort daarna is hy na Londen, waar hy drie jaar lank studeer het en onderskeiding verwerf het as komponis, orrelis en ook in sang. Sy vordering was so goed dat hom die betrekking van onder-professor in sang aan die Akademie aangebied is. Hy het buitengewoon hard gewerk, soms gemiddeld nege uur per dag geoefen, afgesien van baie ure wat hy spandeer om hom voor te berei vir konserte, waarin hy dikwels opgetree het. Sy vlyt en bekwaamheid het hom 'n hele aantal medaljes besorg.

Spoedig moes hy egter die nadelige gevolge van oorwerk ondervind. Sy twee voorvingers is skielik verlam en hy moes geruime tyd volkome rus neem. Hy vertrek toe na die Eiland Man, waar die heimwee na Suid-Afrika besonder sterk begin word het en as gevolg hiervan komponeer hy die stuk Romanse in „D” vir klavier.

Die rus het 'n heilsame uitwerking gehad en die komponis se vingers het heeltal herstel. Sy dankbaarheid hiervoor vind uiting in die triomflied „Loof die Heer”, vir solo, orrel en klavier. Hierdie lied word vandag nog beskou as een van die vernaamste Afrikaanse koraalwerke. In Londen het Lemmer die graad L.R.A.M. in sang verwerf, en later is die A.R.A.M. aan hom toegeken op grond van sy dienste ten opsigte van musiek in Suid-Afrika.

Vanaf 1923 tot 1928 was hy hoof van die Musiekkonservatorium op Malmesbury, orrelis van die Ned. Geref. Kerk en dirigent van die Swartlandse Musiekkorps. Op 'n goeie dag meld mej. Millicent Houzêt haar by die Konservatorium aan, en onder leiding van die komponis verwerf sy die Lisensiaat in klavierspel. 'n Tydjie daarna is die komponis met haar getroud, en die twee onderneem toe 'n twee-klavier-toer deur Transvaal. In die program het 'n Fuga van Bach figureer wat deur die komponis vir twee klaviere verwerk is.

In 1928 is mnr. Lemmer benoem tot Lektor in sang aan die Normaalkollege in Bloemfontein, waar hy tien jaar lank onafgebroke diens verrig het. Hier sien die alomgekende Sluimerlied in „D” Mol die lig. Een komposisie na die

ander het nou gevolg en almal is met geesdrif deur die publiek ontvang. Hy is aangestel as orrelis van die Noordkerk, Bloemfontein, en onder andere stig hy die Musieklklub van die Normaalkollege, wat dikwels onder sy leiding uitsaai. Hy het ook opgetree as dirigent van die Filharmoniese Orkes, wat so 'n belangrike rol gespeel het in die musieklewe van Bloemfontein. Op hierdie stadium het hy die „Sehnsucht” vir volle orkes geskryf, 'n werk wat later in Kaapstad deur die Munisipale Orkes onder sy leiding uitgevoer is. Die kritiek op hierdie werk was baie gunstig en dit is o.a. vergelyk met die werke van Glazounov en Tsjaikowski.

In die Vrystaat het die komponis veel vir die bevordering van die musiek gedoen as koorleier, orkes-dirigent, eksaminator en beoordeelaar op kunswedstryde. Hy was ook die eerste persoon wat verslae oor musiekeksamens in Afrikaans geskryf het. Sedert 1940 is hy inspekteur van sang vir die Vrystaatse skole.

As blyk van waardering vir wat die komponis vir die bevordering van musiek in die Vrystaat gedoen het, is daar in 1936 'n Lemmer-aand in Bloemfontein gehou. Twaalf van sy werke is by hierdie geleentheid uitgevoer deur indiwiduele artieste sowel as deur kore.

Een van sy belangrikste werke is die kantate „Dawid die Skaapherder”. Ander belangrike werke is die volgende:

*Sangsolo's*: „Prinses van Verre” (A. G. Visser); „Rots by die See” (Osborne); „My Siel is Siek” (Van Bruggen); „Ons Eie” (10 liedere vir die kleinspan).

*Duo's*: „Die Nag” (Osborne); „Motte” (Van Bruggen).

*Klavier*: „Romanse in „D””; „Vrolikheid” (Toccata).

*Twee Klaviere*: „Gigue” vir orrel (Bach, verwerk vir twee klaviere deur die komponis).

*Orkes*: „Sehnsucht (Verlange — 'n Toondig).

*Koorwerke*: „Loof die Heer”; „Sluimerlied”; „Voortrekkerkoor”; „Stille Nag, Heilige Nag”.

*Voortrekkerliedere*: „Hou Koers” (Boshoff); „Trek Vorentoe!” (C. F. Visser).